

HOOFSTUK 8

NORMALE ONTWIKKELINGSPROBLEME WAT VERBAND HOU MET DIE AANLEER VAN NUWE VAARDIGHEDE

8.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar gekyk na normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir verwerping deur die groep. Klem is gelê op die invloed van verwerping of aanvaarding deur die groep op die ontwikkeling van kinders asook hulp wat aan kinders verleen kan word. Vier boeke is geëvalueer aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos geformuleer in afdeling 4.3.

Hierdie hoofstuk behandel normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede. Aandag sal geskenk word aan die invloed van ontwikkeling op die vrees vir aanleer van nuwe vaardighede en omgekeerd. Die wyse waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal bespreek word met spesiale verwysing na die rol van verhale. Spesiale riglyne vir die keuring van boeke vir kinders wat die aanleer van nuwe vaardighede vrees, sal onderskei word.

Ten slotte sal vier boeke, wat handel oor die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede, geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.

8.2 VREES VIR DIE AANLEER VAN NUWE VAARDIGHEDE

Vrees kan omskryf word as 'n normale reaksie op 'n werklike of denkbeeldige bedreiging wat op daardie oomblik aanwesig is. Vrees kan beskou word as 'n negatiewe reaksie op 'n spesifieke situasie soos wanneer dit gaan om die aanleer van 'n nuwe vaardigheid (Byrne 2000:202; Humphrey & Humphrey 1989:68 - 69).

Die ervaring van vrees is universeel. Livo (1994:18) wys byvoorbeeld daarop dat navorsing wat in ses lande gedoen is met kinders vanaf die derde tot negende graad, bevind het dat kinders ten spyte van verskillende lande en kulture dieselfde vrese het. Die lande wat betrokke was by die navorsing is: Egipte, Kanada, Australië, Japan, Filippyne en Amerika. Kinders ervaar verskeie vrese waarvan sommige vir volwassenes ongegrond is (Cuddigan & Hanson 1988:80). Vrees kom ook dikwels vir volwassenes onverklaarbaar voor. Hierdie universele ervaring van vrees is 'n normale deel van die grootwordproses.

Gedurende die middelkinderjare begin kinders skoolgaan, daarom brei sosiale grense uit. Daar is nou as te ware nuwe vrese wat hulle verskyning maak. Hierdie vrese hou meestal verband met akademiese prestasie, onderwysers en vriende (Louw et al 1991:363). Du Toit en Kruger (1991:109) wys dan ook daarop dat kinders in die middelkinderjare uiters sensitief is vir ander se siening van en houding teenoor hulle. Hulle glo maklik dit wat hul van hulself hoor of dit wat hulle vermoed ander van hulle dink en sê. Dit beïnvloed nie alleen hoe hulle persoonlik funksioneer nie, maar ook hulle optrede teenoor ander. Kinders in die middelkinderjare probeer dan ook om te konformeer, in te pas en soos ander kinders te wees. Hulle wil die goedkeuring en aanvaarding hê van hul groep, ouers en onderwysers (Livo 1994:96).

Dit kan meebring dat kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar, ten spyte daarvan dat hulle baie geïnteresseerd is in die aanleer van vaardighede, nie die moed het om 'n vaardigheid aan te leer nie. Hulle is te bevrees dat hulle sal misluk en veral dat die groep hulle dan negatief sal evalueer. Veral elf-jariges sal dan eerder onttrek as om die vaardigheid te probeer bemeester (Humphrey & Humphrey 1989:68-69).

Kinders se onttrekking van die groep benadeel hul normale ontwikkeling. Kinders wat hulle onttrek, ontnem hulself geleenthede wat normale groei en ontwikkeling bevorder. Daar is ook langtermynnadele hieraan verbonde (Mallet & Rodriguez 1999:387 - 388).

Dit is dus duidelik dat die vrees vir die aanleer van vaardighede 'n invloed het op die ontwikkeling van kinders.

8.3 ONTWIKKELING VAN KINDERS

In afdeling 2.2.2 is daar aangetoon dat kinders 'n sterk behoefte het om iets te bereik - verkieslik sonder die hulp van volwassenes. Om 'n gelukkige, goedaangepaste kind te wees, moet kinders die bevredigende gevoel hê dat hulle op 'n gebied vaardig is.

Ter wille van die normale ontwikkeling van kinders is dit belangrik dat hulle nie sal onttrek by die aanleer van nuwe vaardighede nie, maar bereid sal wees om vaardighede aan te leer sodat hulle vaardighede kan ontwikkel wat hulle suksesvol kan bemeester.

8.3.1 Intellektuele ontwikkeling

Dit is baie belangrik vir die intellektuele ontwikkeling van kinders dat hulle nie die aanleer van nuwe vaardighede sal vrees nie.

Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se kognitiewe vaardighede verbeter geweldig omdat hulle 'n groot deel van hul dag in die skool deurbring. Hulle is intellektueel in staat om 'n groot verskeidenheid van vaardighede aan te leer. Boonop is kinders in die ouderdomsgroep geïnteresseerd in 'n groot verskeidenheid van aktiwiteite (Gillespie & Connor 1975:173-174).

8.3.2 Fisiese ontwikkeling

Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se motoriese vaardighede ontwikkel geweldig. Hul het waardering vir en vind genot in die aanleer en ontwikkeling van nuwe vaardighede. Dit maak dit dan ook die ideale tydperk vir die aanleer van nuwe vaardighede. So hou nege-jarige seuns daarvan om te stoei. Hierdie tydperk is dan ook ideaal vir die aanleer van fisiese

vaardighede, want kinders raak nie moeg daarvan om dieselfde aktiwiteite oor en oor uit te voer nie (Humphrey & Humphrey 1989:21-22).

Indien kinders misluking vrees en nie die geleentheid aangryp om hulle motoriese vaardighede te oefen nie, kan hulle waardevolle geleenthede by hul laat verby gaan. Du Toit en Kruger (1991:110) wys byvoorbeeld daarop dat verbeterde motoriese vaardighede 'n groot invloed het op kinders se selfvertroue en verskeie fasette van hul persoonlikheidsontwikkeling. So kan motoriese vaardighede hulle gewildheid laat toeneem (sosiale ontwikkeling) en hul selfagting verhoog (affektiewe ontwikkeling).

8.3.3 Affektiewe ontwikkeling

In afdeling 2.2.2.3 is daar aangetoon dat kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hulle volgens Erikson in die psigo-sosiale stadium: arbeidsaamheid versus minderwaardigheid, bevind (Du Toit & Kruger 1991:121).

Kinders in die ouderdomsgroep ontdek nou dat hulle persone in eie reg is en dat hul sekere vaardighede kan bemeester. Hulle openbaar ook 'n toenemende behoefte om deel te wees van die groep. Hierdie kinders is dus gretig om vaardighede te bemeester wat vir die groep belangrik is. Daarsonder kan kinders gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel.

Volwassenes speel steeds 'n belangrike rol in kinders se lewens. Hulle kan baie daartoe bydra om kinders te motiveer. Dit is belangrik dat die eise wat volwassenes aan kinders stel, sal ooreenstem met hul vermoëns - die eise moenie te hoog of te laag wees nie. Dit sal verhoed dat kinders gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel (Du Toit & Kruger 1991:135-137).

Die bemeestering van vaardighede speel dus 'n belangrike rol in die affektiewe ontwikkeling van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar. Vrees vir die aanleer van vaardighede kan belemmerend inwerk op die affektiewe ontwikkeling van kinders. Volwassenes se motiveringsrol is uiters belangrik, want die suksesvolle bemeestering van 'n vaardigheid kan kinders

die nodige moed en uithouvermoë gee om vaardighede te probeer bemeester. Dit is belangrik vir gebalanseerde kinders dat hulle sukses op sekere gebiede moet ervaar. Dit sal daartoe bydra dat hulle mislukking kan hanteer en suksesvol verwerk.

8.3.4 Sosiale ontwikkeling

Ter wille van die sosiale ontwikkeling van kinders is dit belangrik dat hulle van mening moet wees dat hulle op 'n sekere gebied vaardig is. Sterk, positiewe gevoelens dat hulle waardevol is, dra by tot geestelike en fisiese gesondheid en geluk en stel hulle in staat om iets te bereik. Wat kinders van hulself dink, berus veral op: hoe vaardig hulle hulself beskou op gebiede wat vir hulle belangrik is en wat hulle dink ander van hulle dink.

Vir kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar is die mening van ouers, die groep en onderwysers van belang. Kinders in die ouderdomsgroep beweeg sterk in die rigting van die groep en wil graag soos die groep wees. Die mening en goedkeuring van die groep is baie belangrik. Dit is interessant dat die mening van klasmaats dikwels vir hulle belangriker as die van vriende is. Dit kan stellig daaraan toegeskryf word dat klasmaats se mening as meer objektief beskou word as dié van vriende (Humphrey & Humphrey 1989:53; Lefrançois 1992:506-510).

Dit is dus belangrik dat kinders in hul eie oë en veral volgens die groep op 'n gebied vaardig moet wees. Kinders moet gehelp word om hul vrees vir die aanleer van vaardighede te hanteer. Daar moet ook terselfertyd gepoog word om hulle te leer om mislukking te hanteer.

Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar moet veral hulp kry ten opsigte van hul vrees vir die aanleer van vaardighede, want hulle is baie geïnteresseerd daarin en geneig om te onttrek van die groep as hulle nie die vaardigheid kan bemeester nie. Onttrekking van die groep benadeel normale ontwikkeling, want hulle ontnem hulself die geleentheid wat groei en

ontwikkeling bevorder. Daarom is dit baie belangrik dat hulp aan die kinders wat die aanleer van vaardighede vrees, verleen moet word.

8.4 HULP AAN KINDERS MET HUL VREES VIR DIE AANLEER VAN NUWE VAARDIGHEDE

Vrees is 'n normale deel van die grootwordproses. Die meeste kinders beleef dit tot 'n mate. Vrees veroorsaak egter spanning wat vererger word deur gepaardgaande gevoelens soos skaamte, isolasie en hulpeloosheid. Dit is belangrik om kinders te leer om hul vrees te hanteer. Indien kinders daarin kan slaag om hulle gevoelens te erken en daaroor te praat, sal dit hul normale ontwikkeling positief beïnvloed en nie strem nie. Sodra kinders in staat is om hul vrees te hanteer, word hulle vaardiger om ander uitdagings en nuwe situasies te hanteer (Cuddigan & Hanson 1988:38; Goodman & Gurian 2001:1).

8.4.1 Faktore wat vrees en die reaksie daarop beïnvloed

Die aard van vrees en die wyse waarop dit hanteer word, verander met ouderdom. In die vroeë kinderjare het kinders algemene vrese, byvoorbeeld vir honde en donkerte. Gedurende die middelkinderjare toon kinders 'n afname in vrees wat verband hou met liggaamlike veiligheid soos byvoorbeeld vir honde, siekte, geluide. Hulle begin nou skoolgaan en dit wil voorkom asof nuwe vrese ten opsigte van akademiese prestasie, aanleer van vaardighede en vriende 'n verskyning maak. Kinders se hantering van hul vrese verander ook nou. Soos begripsvermoë en logiese hantering toeneem, is kinders meer in staat om hul vrees te hanteer (Goodman & Gurian 2001:1; Louw et al 1991:362-363)

Volgens Byrne (2000:201) is die wyse waarop vrees hanteer word geslagsgebonde. Die vroulike geslag gebruik sosiale steun en emosionele uitdrukking terwyl die manlike geslag meer probleem-gefokusde strategieë volg.

8.4.2 Erkenning van vrees

Vir die positiewe hantering van vrees vir die aanleer van vaardighede is dit belangrik dat hulp aan die kinders verleen moet word om hul vrees te erken vir wat dit is en dit nie te ontken nie. Die erkenning van vrees kan die negatiewe impak daarvan op hul geestelike gesondheid verminder (Cuddigan & Hanson 1988:38-39; Hyde 1977:85).

8.4.3 Beheer oor vrees

Kinders se vrees verminder gewoonlik as hulle 'n mate van beheer daaroor het. Hulp kan aan kinders verskaf word met hul vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede deur hulle vooraf in te lig oor wat om te verwag. Die volwassene kan byvoorbeeld saam met die kinders op die duikplank klim om aan hul 'n gevoel van die hoogte te gee (Goodwin & Gurian 2001:3).

8.4.4 Rol van volwassenes

Volwassenes kan 'n baie belangrike rol speel om kinders te help om hul vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede te oorwin. Die volgende aspekte is baie belangrik ten opsigte van die rol van die volwassene.

8.4.4.1 *Vertrouensverhouding*

Dit is belangrik dat kinders die volwassenes, met wie hulle oor hul vrees vir die aanleer van vaardighede praat, moet kan vertrou. Dit is vir kinders belangrik om te weet dat hulle die persoon kan vertrou om hul vrees ernstig op te neem en te erken. Indien hierdie vrees nie ernstig opgeneem word nie, bestaan die moontlikheid dat die vrees versterk sal word. Boonop kan die kinders dan ook nie begin om hul vrees te verwerk nie. Indien hulle egter die volwassene kan vertrou, bied dit aan hulle sekuriteit om hul vrees te aanvaar en te begin verwerk.

8.4.4.2 *Respekteer gevoelens van kinders*

Volwassenes het 'n verantwoordelikheid om die gevoelens van die kinders te respekteer en met aandag te behandel. Daar behoort immers net soveel aandag geskenk te word aan die emosionele ontwikkeling van kinders as aan hul intellektuele en motoriese ontwikkeling. Volwassenes moet onder geen omstandigheid die vrees van die kinders afmaak as belaglik of hulle daaroor terg en sê dat hulle hul soos babas gedra nie. Dit is ook baie belangrik dat volwassenes nie die vrees sal vermy of glo dat dit verby sal gaan nie. Indien dit die geval is, word die kinders dikwels onderwerp aan lewenslange terapie (Cuddigan & Hanson 1988:38-39; Goodman & Gurian 2001:2).

8.4.4.3 *Positiewe benadering*

Dit is baie belangrik dat volwassenes nie negatiewe kritiek sal lewer tydens die aanleer van 'n vaardigheid nie. Volwassenes moet ook nie aan die kinders voorskryf hoe hulle moet voel nie. Dit is belangrik dat volwassenes sal beseef dat dit normaal vir kinders is om bang te wees. Volwassenes moet in plaas van negatiewe kritiek eerder wag tot die kinders gereed is vir hulp en hulle dan help om hul vrees te oorwin (Cuddigan & Hanson 1988:38-39; Hyde 1977:23).

8.4.4.4 *Realistiese inligting*

Dit is belangrik dat volwassenes realistiese verduidelikings aan die kinders sal verskaf oor die aanleer van die vaardigheid. Inligting kan ook aan kinders verskaf word oor die gevoelens wat vrees by 'n mens ontlok, soos vinnige hartklop, sweet, bewerasie, duiseligheid, hoewel nie almal die gevoelens ervaar nie (Cuddigan & Hanson 1988:80-81; Humphrey & Humphrey 1989:68-70).

8.4.4.5 Geleidelike blootstelling

Kinders wat die aanleer van 'n vaardigheid vrees, moet geleidelik gewoond gemaak word aan die situasie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat party kinders bloot meer tyd nodig het as ander. Kinders moet ook nie by die aanleer van 'n vaardigheid geforseer word nie. Hulle moet eerder aangemoedig word en enige poging wat hulle aanwend om die vaardigheid aan te leer, behoort geprys te word (Goodman & Gurian 2001:2; Hyde 1977:23).

8.4.5 Rol van biblioterapie

Biblioterapie kan 'n waardevolle rol speel ten opsigte van kinders wat die aanleer van 'n vaardigheid vrees. Nie alleen kan verhale positiewe denke aanmoedig nie, maar dit kan ook verhoed dat 'n moeilike situasie verander in 'n probleemsituasie.

8.4.5.1 Geleentheid vir bespreking van vrees

Dit is vir die normale ontwikkeling van kinders baie belangrik dat hulle aangemoedig moet word om oor hul vrees te praat. Deur die lees van verhale kan kinders gelei word om die gevoelens wat hulle ervaar te identifiseer en om te sê hoe hulle voel (Cuddigan & Hanson 1988:39; Pardeck & Pardeck 1992:80). Barclay en Whittington (1992:149-154) benadruk die belangrike rol wat bespreking in die effektiewe hantering van vrees speel. Hulle het 'n tema oor vrees uitgewerk en met hul leerders behandel. Nadat die eerste reeks verhale aan die leerders voorgelees is, was die kinders in staat om te praat oor hul vrees. Soos hulle met die tema gevorder het, het dit voorgekom asof die leerders meer in beheer is. Hulle was nou in staat om nie alleen oor dit wat hulle vrees te praat nie, maar ook oor hoe om hul vrees te hanteer.

8.4.5.2 Begrip vir ander se gevoelens

Boeke kan die biblioterapeut in staat stel om kinders te lei sodat hulle ander se emosies, gedrag en behoeftes verstaan (Cuddigan & Hanson 1988:39). Die begrip en simpatie wat kinders vir 'n fiktiewe karakter het, kan lei tot begrip en simpatie met ander kinders.

8.4.5.3 Vertrouwing

Net soos wat kinders begrip en simpatie met ander ontwikkel deur identifisering met 'n karakter in 'n verhaal, net so kan hulle hul eie situasie in perspektief plaas deur met 'n karakter te identifiseer. Veral wanneer hul situasie problematies is, kan verhale 'n bron van troos vir kinders wees (Cuddigan & Hanson 1988:39).

8.4.5.4 Oorsaak van vrees

Verhale kan kinders help om 'n probleem intellektueel te takel. 'n Verhaal kan die biblioterapeut help om verduidelikings te verskaf aan kinders oor dit wat hul vrees. Die bespreking van verhale kan daartoe lei dat kinders sal beseef dat dit wat hul vrees 'n oorsaak en 'n gevolg het. Dit kan ook verhoed dat kinders verwronge persepsies vorm van dit wat hulle vrees. Die lees van die verhaal kan kinders aanmoedig om hul vrees vir die aanleer van 'n vaardigheid te analiseer en hulle sodoende lei tot 'n oplossing van hul probleem. Dit kan kinders ook aanmoedig om op 'n kreatiewe manier op te tree ten opsigte van hul probleem (Cuddigan & Hanson 1988:80-81; Pardeck & Pardeck 1992:69).

8.4.5.5 Spanning

Verhale kan die spanning waaronder kinders verkeer verminder. Indien kinders lees van karakters wat soortgelyke probleme oplos, kan hulle begin glo dat hulle ook hul probleme kan oplos. Dit behoort die spanning wat die

aanleer van die vaardigheid veroorsaak te verminder en aan kinders die moed te gee om die uitdaging aan te pak (Harris 2000:165; Livo 1994:25).

8.5 KEURING VAN BOEKE VIR KINDERS WAT DIE AANLEER VAN 'N NUWE VAARDIGHEID VREES

Wanneer verhale geselekteer word vir kinders wat vreesbevange is wanneer hulle 'n nuwe vaardigheid moet aanleer, is dit belangrik om die volgende punte in gedagte te hou.

8.5.1 Soortgelyke situasie

Dit is belangrik dat die verhaal wat gelees word ook moet handel oor vrees vir die aanleer van 'n nuwe vaardigheid. Dit sal daartoe lei dat die kinders besef dat dit nie net hulle is wat hulself in so 'n situasie bevind nie (Newhouse 1987:48).

8.5.2 Ouderdom van die leser

Wanneer verhale gekies word vir biblioterapie is die chronologiese ouderdom van die kinders baie belangrik (Pardeck & Pardeck 1992:53). Vir die keuse van verhale vir kinders wat die aanleer van 'n vaardigheid vrees, is die emosionele ouderdom van kinders net so belangrik as hul chronologiese ouderdom. Kinders is oor die algemeen meer geïnteresseerd om te lees oor diegene wat soos hulle is. In die verhaal *Eenkantkind* (Van der Vyver 1991) is die hoofkarakter Jana van mening dat sy liefdesverhale lees omdat daar nie verhale is oor kinders soos sy wat deur hul stiefpa mishandel word nie. Sy het duidelik 'n behoefte daaraan om te lees van ander kinders soos sy.

8.5.3 Benadering tot vrees

Dit is belangrik dat die skrywer van verhale, soos die volwassenes wat kinders help, die vrees vir die aanleer van 'n vaardigheid ernstig sal opneem. Kinders neem hul vrees ernstig op en verhale daarvoor moet dit met respek

hanteer. Boeke wat vrees ligtelik opneem, moet liefs vermy word (Cuddigan & Hanson 1988:81).

8.5.4 Bespreking

Dit is belangrik dat die verhale van sò 'n aard sal wees dat dit sal lei tot 'n bespreking. Veral 'n bespreking van die hoofkarakter kan daartoe lei dat die kinders met die situasie of die gevoelens van die hoofkarakter identifiseer (Pardeck & Pardeck 1992:54).

8.6 EVALUERING VAN BOEKE VOLGENS KEURINGSKRITERIA

Die volgende boeke gaan nou bespreek word aan die hand van die riglyne wat in afdeling 4.3 bespreek is:

- *Liewe Beer* (Harrison 1994)
- *Miek* (Henkes 1994)
- *Otherwise known as Sheila the great* (Blume 1995)
- *Anastasia has the answers* (Lowry 1989).

8.6.1 *Liewe Beer*

Die boek *Liewe Beer* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.1 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Harrison, Joanna
Titel	<i>Liewe Beer</i>
Uitgewer	Human & Rousseau
Datum van uitgawe	1994
ISBN-nommer	0 -7981 - 3212 - 4
Aantal bladsye	82
Reeks	Die boek is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Hardeband
Ouderdom van leser	± 8 jaar
Geslag	Vroulik en manlik
Leesvlak	Graad 2 tot 3
Tema	Hantering van vrees
Opsomming	Dit is die verhaal van Riekie wat veral saans baie bang is vir die beer wat onder die trap woon. Gelukkig kry haar ma 'n baieslim plan oor hoe Riekie die gevreesde beer moet hanteer.
Beperkings	Dogters behoort meer as seuns aanklank by die verhaal te vind.
Uitstaande kenmerk	Puik illustrasies. Die leser behoort veral aanklank te vind by die vrees van Riekie soos uitgebeeld in die illustrasies. Die illustrasies behoort ook bespreking uit te lok.
Probleme waarvoor geskik	Verwerping

Die verhaal *Liewe Beer* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.2 Literêre keuringskriteria vir leesstof

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is veral geskik vir diegene wat bang is vir die onbekende.
Rol van tema	Die verhaal handel oor die oorwinning van vrees vir dit wat onbekend is aan die leser of nog nie ervaar is nie. Dit kan dus diegene help wat bang is om 'n onbekende, nuwe vaardigheid aan te leer.
Eksplisiet	Riekie se vrees vir die onbekende word eksplisiet gestel. Die boodskap oor die hantering en oorwinning van vrees word egter geïmpliseer en is dus baie effektief.
Didakties	Die verhaal probeer nie om te preek of doelbewus 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Alhoewel Riekie se vrees vir die beer, wat onder die trap woon, 'n baie prominente plek in die verhaal het, oorheers dit nie die verhaal nie.
Meer as een tema	Die verhaal kan vir meer as een tema gebruik word, byvoorbeeld vriendskap, ma-dogter-verhouding. 'n Interessante aspek wat aangeraak kan word, is geslagsgelykheid: pa werk met stofsuiers en hy maak die kos.
Universeel	Die verhaal is universeel, want dit is maklik om Riekie se vrees vir die beer te erken en daarmee te identifiseer.
Positief	Die verhaal bied hoop, want Riekie se ma vind 'n prettige en maklik uitvoerbare plan om Riekie se vrees vir die beer te vernietig.
Realisme	Verhaal bied die werklikheid aan soos dit is. Fantaseer nie daaroor nie.
KARAKTERS	
Ouderdom	Alhoewel Riekie se ouderdom nie pertinent genoem word nie, dui die briefies wat sy skryf daarop dat sy in graad twee of drie moet wees. By benadering is sy dus agt of nege jaar oud.
Geloofwaardigheid	Riekie se optrede is baie geloofwaardig. Sy vergeet van die beer solank sy besig is en nie die trap kan sien nie.
Hantering van probleem	Riekie se ouers se hantering van die probleem skitter absoluut. Hulle neem haar vrees ernstig op en gee vir haar praktiese raad om dit op te los.
INTRIGE	Die verhaal is logies en geloofwaardig. Die leser behoort maklik met Riekie se vrees te kan identifiseer en met haar dade daarna. 'n Mens bly boonop die hele tyd wonder wat sy gaan doen om van die vrees ontslae te raak.
MILIEU	'n Eietydse verhaal wat grootliks in Riekie se ouerhuis afspeel.
VERTELLER	Derdepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit Riekie se perspektief. Die ouers se gevoelens, optrede en gedagtes kan afgelei word uit hulle optrede en uit die illustrasies.
STYL	Die woordskat pas by agtjarige.
TOON	Die verhaal is geskryf met simpatie vir Riekie se probleem. Riekie se vrees word deur die volwassenes in die verhaal ernstig opgeneem en met simpatie behandel.
HUMOR	Die illustrasies asook wat die beer doen, behoort die leser lekker te laat lag.
EINDE	Dit is 'n verrassende einde wat natuurlik voortvloei uit die gebeure. Riekie se teepartytjie en gepaardgaande ontmoeting met die gevreesde beer behoort kinders te laat met 'n gevoel van hoop dat vrees oorwin kan word.

8.6.2 Miek

Die verhaal *Miek* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.3 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Henkes, Kevin
Titel	<i>Miek</i>
Uitgewer	Human & Rousseau
Datum van uitgawe	1994
ISBN-nommer	0 - 7981 - 3273 - 6
Aantal bladsye	22
Reeks	Die verhaal is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Hardeband
Ouderdom van leser	± agt tot ± nege jaar
Geslag	Manlik of vroulik
Leesvlak	Graad twee tot drie
Tema	Hantering van vrees
Opsomming	Dit is die verhaal van Miek, sy trooskombersie, grootword en 'n buurvrou wat opsluit vir sy liewe ouers wil raad gee oor hoe om die trooskombersie by Miek weg te kry.
Beperkings	Daar is geen ooglopende beperkings nie.
Uitstaande kenmerke	Die pragtige illustrasies dra by om 'n bekoorlike verhaal nog bekoorliker te maak.
Probleme waarvoor dit geskik is	Vrees Skool toe gaan

Die verhaal *Miek* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.4 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is veral geskik vir diegene wat nie sonder 'n trosie 'n nuwe vaardigheid wil aanleer nie asook vir diegene wat vir die eerste maal alleen 'n nuwe vaardigheid moet aanleer.
Rol van tema	Die verhaal handel oor 'n trooskombersie wat moet hulp verleen as die onbekende aangepak moet word. Dit kan dus diegene help wat bang is om alleen nuwe ervarings te beleef.
Eksplisiet	Die rol van die trooskombersie word baie eksplisiet gestel. Die boodskap oor die hantering van vrees by die aanleer van nuwe vaardighede word geïmpliseer en kan dus baie effektief wees.
Didakties	Die verhaal probeer nie om doelbewus 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Vrees vir die aanleer van 'n nuwe vaardigheid oorheers nie die verhaal nie.
Meer as een tema	Die verhaal kan ook gebruik word vir kinders wat vir die eerste keer skool toe moet gaan.
Universeel	Die verhaal is universeel, want dit is maklik om met Miek se gehegtheid aan sy trooskombersie te identifiseer.
Positief	Die verhaal is baie positief, want Miek se ouers vernietig nie sy kombersie nie. Hul liefde vir Miek blyk veral uit die illustrasies - dit illustreer 'n kind wat toegelaat word om 'n kind te wees.
Realisme	Miek is 'n muisie. Kinders behoort egter nie te sukkel om dit verstaanbaar te vind dat Miek soos hulle optree nie.
KARAKTERS	
Ouderdom	Alhoewel Miek se ouderdom nie genoem word nie, dui die feit dat hy die volgende jaar skool toe gaan daarop dat hy ses of sewe jaar oud is.
Geloofwaardigheid	Miek se optrede is baie geloofwaardig veral as dit kom by wat hy doen om mevrou Knypies, die buurvrou, se raad tot niet te maak. Sy beveel byvoorbeeld aan dat hul die gunsteling hoekie van sy kombers in asyn moet druk. Miek kry egter 'n ander hoekie om te suig en gebruik sy sandkas om van die reuk ontslae te raak.
Hantering van probleem	Die liefde vir Miek wat uit sy ouers se hantering van die probleem straal, dra 'n sterk boodskap oor - hy is nie alleen nie en hy is vir hulle baie belangrik.
INTRIGE	Die gebeure in die verhaal volg logies en geloofwaardig opmekaar. Mevrou Knypies se raad oor die nuwe skooljaar wat om die hoek is, bring mee dat Miek se ouers wil hê dat hy moet afstand doen van sy trooskombersie. Die positiewe hantering van die probleem en die praktiese oplossing wat sy ma kry, behoort die lesers met hoop te laat vir hul eie probleme.
MILIEU	Moderne verhaal.
VERTELLER	Derdepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	Sowel die ouers as Miek se gevoelens word baie duidelik weergegee. Die puik illustrasies help die leser om te besef hoe almal voel.
STYL	Die woordeskate is gepas vir kinders van ongeveer sewe tot agt jaar.
TOON	Die skryfster skryf uiters simpatiek oor die probleme van Miek en sy ouers.
HUMOR	Die onkunde van Miek se ouers word op 'n humoristiese wyse oorgedra.
EINDE	Die verhaal eindig op 'n baie positiewe noot as Miek se ma sy trooskombersie omskep in 'n fees van sakdoeke wat hy kan saamneem skool toe sonder dat enige iemand vir hom lag.

8.6.3 *Otherwise known as Sheila the great*

Die verhaal *Otherwise known as Sheila the great* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria vir leesstof soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.5 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Blume, Judy
Titel	<i>Otherwise known as Sheila the great</i>
Uitgewer	Macmillan Children's Books
Datum van uitgawe	1995
ISBN-nommer	0 - 330 - 26051 - 0
Aantal bladsye	128
Reeks	Die verhaal is nie deel van 'n reeks nie. Karakters kom wel voor in ander verhale.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 9 tot ± 11 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad vier tot ses
Tema	Hantering van vrees
Opsomming	Dit is die verhaal van die nege-jarige Sheila wat baie bang is vir honde, spoke, spinnekoppe en water. In die verhaal spandeer hul gesin 'n somervakansie in 'n gehuurde huis in Tarrytown. Sheila se ma skryf haar in vir swemlesse by 'n kollegestudent. Sheila begin met die lesse en hou aan omdat sy bang is dat Marty andersins al die geld sal moet terugbetaal.
Beperkings	Die verhaal is nie geskik vir seuns nie.
Uitstaande kenmerke	Sheila erken uiteindelik dat sy bang is om te leer swem. Dit is belangrik, want kinders moet eers hul vrees erken voordat genesing kan begin.
Probleme waarvoor dit geskik is	Vriendskap Vrees

Die verhaal *Otherwise known as Sheila the great* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.6 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is nie alleen geskik vir diegene wat 'n nuwe vaardigheid moet aanleer nie, maar ook vir diegene met allerlei vrese.
Rol van tema	Die verhaal handel oor 'n dogter wat nie alleen bang is om te leer swem nie, maar boonop verskeie ander vrese ervaar. Dit sal veral waardevol wees vir diegene wat sukkel om te erken dat hulle vrese het.
Eksplisiet	Sheila se vrese word baie eksplisiet gestel.
Didakties	Die verhaal probeer nie om te preek of doelbewus 'n les oor te dra nie.
Oorheersend	Sheila se vrese oorheers die verhaal, maar vanweë die skryfster se skryfstyl bly dit steeds 'n genotvolle leeservaring.
Meer as een tema	Die verhaal kan ook gebruik word vir 'n bespreking oor vriendskap.
Universeel	Verhaal is universeel, want dit is baie maklik om met Sheila se vrese vir die swemlesse te identifiseer, veral as sy doodseker is dat sy sal sink en almal vir haar sal lag. Die mening van ander is immers vir tien-jariges baie belangrik.
Positief	Die verhaal bied hoop, want Sheila oorwin uiteindelik haar vrees vir water.
Realisme	Verhaal bied die werklikheid aan soos dit is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Sheila is tien jaar oud.
Geloofwaardigheid	Sheila se optrede is baie geloofwaardig, want sy probeer met allerlei slim praatjies om haar vrees weg te steek. Sy sê byvoorbeeld dat Peter se hond stink sodat sy nie saam met hulle in die hysbak hoef te ry nie.
Hantering van probleem	Sheila se ouers neem haar vrese ernstig op en bly baie geduldig met haar. Sheila se konfrontasie met haar nuwe vriendin Mouse kan ook gebruik word vir 'n bespreking van vrees.
INTRIGE	Die verhaal is logies en geloofwaardig. Ten spyte van al Sheila se vrese is sy tog vasberade om op 'n gebied uit te blink en derhalwe stig sy die kampkoerant. Haar oorwinning oor haar vrees vir water is uiters geloofwaardig. Sy sit byvoorbeeld haar gesig in die water omdat sy nie wil hê dat Marty, die kollegestudent wat haar leer swem, sy geld moet verloor nie.
MILIEU	Eietydse verhaal wat hoofsaaklik in Tarrytown afspeel. Dorp het onder andere 'n plek vir 'n kamp vir kinders gedurende die lang skoolvakansie.
VERTELLER	Eerstepersoonvertellers.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit Sheila se perspektief.
STYL	Die skryfster skryf die verhaal op so 'n wyse dat die lesers dit maklik kan verstaan. Die woordeskat is gepas vir tien-jariges.
TOON	Humoristiese verhaal. Die skryfster skryf met baie empatie vir Sheila se probleem. Die skryfstyl is geensins neerbuigend nie.
HUMOR	Verhaal word vertel op 'n lewendige humoristiese wyse. Sheila se verskonings vir haar vrese behoort die leser veral lekker te laat lag.
EINDE	Die einde vloei natuurlik voort uit die gebeure. Dit behoort kinders te laat met hoop dat hulle ook of hul vrese sal kan oorwin of daarmee sal kan saamleef.

8.6.4 Anastasia has the answers

Die verhaal *Anastasia has the answers* gaan nou bespreek word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.7 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Lowry, Lois
Titel	<i>Anastasia has the answers</i>
Uitgewer	Lions
Datum van uitgawe	1989
ISBN-nommer	0 - 00 - 673011 - 6
Aantal bladsye	124
Reeks	Die verhaal vorm deel van 'n reeks oor Anastasia.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 10 tot ± 12 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad vyf tot sewe
Tema	Hantering van vrees by aanleer van 'n nuwe vaardigheid.
Opsomming	Die verhaal is 'n greep uit die lewe van die 13-jarige Anastasia Krupnik wat sukkel om 'n nuwe vaardigheid te bemeester: touklim in die gimnastiekklas. Met humor, baie dagdromery, oefen en nogmaals oefen, slaag sy daarin om die tou baas te raak. Boonop is daar 'n verrassende slot.
Beperkings	Die verhaal is net geskik vir dogters.
Uitstaande kenmerke	Die wyse waarop Anastasia se ma haar probleem hanteer, staan veral uit in die verhaal. Daar word voorts ook verskeie ander onderwerpe op 'n baie natuurlike wyse in die verhaal aangeraak. Dit kan uiters geskik wees vir lees of voorlees en bespreking sonder dat dit nodig is om die hele verhaal te lees.
Probleme waarvoor dit geskik is	Vriendskap Vrees Dood Egskeiding Adolesensie Broer-suster-verhouding

Die verhaal *Anastasia has the answers* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 8.8 Literêre kriteria vir leesstof

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is by uitstek geskik vir 11-jariges wat sukkel om 'n nuwe vaardigheid aan te leer. Die verhaal beklemtoon hoe belangrik dit vir kinders is om te voel dat hulle spesiaal is op 'n gebied.
Rol van tema	Die verhaal handel oor 'n dogter wat vol vrese is en graag wil uitblink. Dit sal veral waardevol wees vir diegene wat voel dat hul op geen gebied besonder bekwaam is nie. Anastasia haat dit om onbekwaam te voel voor haar klasmaats.
Eksplisiet	Anastasia se vrese word redelik eksplisiet gestel.
Didakties	Alhoewel die verhaal waardevolle lesse oordra, is dit geensins prekerig nie.
Oorheersend	Glad nie. Die verhaal is 'n greep uit die lewe van 'n 13-jarige.
Meer as een tema	Die verhaal kan met groot sukses gebruik word vir 'n bespreking van die volgende: vrees vir vlieg, dood, egskeiding, adolessensie en broer-suster-verhouding.
Universeel	Dit is maklik om met Anastasia se gevoelens te identifiseer - veral haar afgryse as haar ma, pa en oom, wat almal onfiks en vir haar oud is, die tou met gemak kan klim. Sy is tegelyk jaloers en skaam omdat sy nie kan nie.
Positief	Die verhaal bied hoop omdat Anastasia die tou baasraak.
Realisme	Die verhaal bied geen kitsoplossings nie. Dit stel die lewe voor soos dit werklik is.
KARAKTERS	
Ouderdom	Die hoofkarakter, Anastasia, is 13 jaar oud.
Geloofwaardigheid	Die verhaal is uiters geloofwaardig, want alles werk nie perfek uit nie. Anastasia se planne loop dikwels skeef.
Hantering van probleem	Volwassenes, veral haar ouers en gimnastiek-onderwyser, moedig vir Anastasia aan. Dit is veral opvallend dat hulle haar nie kritiseer nie en met groot omsigtigheid voor haar maats en klasmaats hanteer.
INTRIGE	
	Die gebeure in die verhaal is geloofwaardig en volg logies opmekaar. Anastasia se sukses met die touklimmerij volg eers nadat sy baie ure aan oefening spandeer het.
MILIEU	
	Eietydse verhaal wat in 'n voorstad van Boston afspeel.
VERTELLER	
	Eerstepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	
	Die verhaal word vertel vanuit Anastasia se perspektief. Dit is haar emosies en gevoelens wat weergegee word.
STYL	
	Die styl is toeganklik, want die woordeskat stem ooreen met dié van 'n 12-jarige.
TOON	
	'n Humoristiese verhaal waarin grootword-vrese met empatie aangespreek word.
HUMOR	
	Baie humoristies. Die leser behoort veral Anastasia se dagdromery en planne baie te geniet.
EINDE	
	Die slot is verrassend en tipies Anastasia. In haar oomblik van glorie verval sy in een van haar dagdrome en gooi sy dramaties haar arms uit - net om sonder seremonie letterlik en figuurlik aarde toe te kom. Ironies genoeg bring dit vir haar hope aandag, maar wat veral belangrik is, is dat dit die verhaal afrond en die leser met 'n behaaglike gevoel laat.

8.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar tot die gevolgtrekking gekom dat kinders in die middelkinderjare blootgestel word aan die aanleer van baie nuwe vaardighede, omdat hulle nou in alle erns met hul skoolloopbaan begin. Die kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar geniet dit boonop om nuwe vaardighede aan te leer. Die groep se mening word nou al hoe belangriker en dit bring mee dat kinders die aanleer van nuwe vaardighede vrees. Ter wille van die normale ontwikkeling van kinders is dit baie belangrik dat hulp aan kinders verleen word met hul vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede.

Die hulp wat aan die kinders verleen word, moet veral daarop gemik wees dat kinders hul vrees sal erken en bereid sal wees om daaraan te werk. Dit is ook van die uiterste belang dat volwassenes wat aan die kinders hulp verleen, die vrese van die kinders ernstig en positief sal benader.

Verhale kan 'n belangrike rol speel om kinders te help om hul vrees te erken. Dit is baie belangrik dat die verhale wat gekies word, hul sal leen tot die bespreking van vrees. Die verhale moet ook hoop aan die kinders bied dat hulle die vrees vir die aanleer van 'n vaardigheid wel sal kan oorwin, of leer om dit te hanteer.

'n Baie belangrike eienskap van die verhaal *Liewe Beer* (Harrison 1994) is dat Riekie se ouers nie vir haar lag of vir haar spot nie. Intendeel, hul simpatieke en vindingryke hantering van die probleem lewer 'n belangrike bydrae tot die oplossing van Riekie se probleem.

Hierdie puik optrede van Riekie se ouers word ook weerspieel in die optrede van Miek se ouers in die verhaal *Miek* (Henkes 1994). Die liefdevolle wyse waarop sy ouers sy probleem hanteer, behoort aan menige jong lesertjie hoop te bied. Die boodskap kom ook sterk deur dat sy ouers verstaan wat vir hom belangrik is.

In die verhaal *Otherwise known as Sheila the great* (Blume 1995) kry lesers respek vir Sheila se ouers. Sheila het baie vrese, maar die leser beseft ook dat dit baie moeilik is om te erken dat mens bang is. Die leser behoort Sheila se slimpraatjies om haar vrese weg te steek, te geniet. 'n Baie belangrike besprekingspunt is die oomblik wanneer Sheila erken dat sy bang is. Die skryfster het dit met groot deernis en insig hanteer.

Die verhaal *Anastasia has the answers* (Lowry 1989) leen hom by uitstek tot bespreking. Die voorlees van dele daarvan kan met groot vrug gebruik word vir 'n bespreking oor die gevoel van ontoereikendheid wat ervaar word by die aanleer van nuwe vaardighede, en hoe moeilik dit is om vrees te oorwin ten aanskoue van jou klasmaats. Dit verhaal maak dit boonop baie duidelik dat daar nie kitsoplossings is nie.

In die volgende hoofstuk word bevindings en afleidings wat in hierdie studie gemaak is, opgesom deur dit in verband te bring met die probleme wat ondersoek is. Aanbevelings word op grond van die bevindings gemaak en moontlikhede vir verdere navorsing uitgewys.